

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: Kan ons geloof in God groei?**

**Skriflesing: Josua 4:1-24 (1953)**

<sup>1</sup> EN toe die hele volk die deurtog deur die Jordaan voleindig het, het die HERE met Josua gespreek en gesê:

<sup>2</sup> Neem vir julle uit die volk twaalf manne, uit elke stam een man,

<sup>3</sup> en gee hulle bevel en sê: Neem vir julle vandaar, uit die middel van die Jordaan, van die plek waar die voete van die priesters vas bly staan het, twaalf klippe en bring dit saam met julle deur en sit dit neer op die slaapplek waar julle vannag gaan oorbly.

<sup>4</sup> Toe het Josua die twaalf man geroep wat hy uit die kinders van Israel, uit elke stam een man, aangestel het,

<sup>5</sup> en Josua het vir hulle gesê: Trek uit voor die ark van die HERE julle God tot binne-in die Jordaan, en tel vir julle 'n klip op, elke man een op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die kinders van Israel,

<sup>6</sup> sodat dit 'n teken onder julle kan wees. As julle kinders later vra en sê: Wat beteken hierdie klippe vir julle?

<sup>7</sup> moet julle vir hulle sê: omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van die HERE by sy deurtog deur die Jordaan — die water van die Jordaan is afgekeer; daarom is hierdie klippe as 'n aandenking vir die kinders van Israel vir altyd.

<sup>8</sup> Die kinders van Israel het toe so gedoen soos Josua beveel het: hulle het twaalf klippe uit die middel van die Jordaan opgetel soos die HERE met Josua gespreek het, volgens die getal van die stamme van die kinders van Israel; en hulle het dit saam met hulle deurgebring na die slaapplek toe en dit daar neergesit.

<sup>9</sup> Josua het ook twaalf klippe opgerig in die middel van die Jordaan, op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die verbondsark, gestaan het; en dit is daar tot vandag toe.

<sup>10</sup> En die priesters wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan totdat alles volbring was wat die HERE Josua beveel het om aan die volk te sê, volgens alles wat Moses Josua beveel het; en die volk het gou deurgetrek.

<sup>11</sup> En toe die hele volk die deurtog voleindig het, het die ark van die HERE met die priesters voor die oë van die volk deurgegaan.

<sup>12</sup> En die kinders van Ruben en die kinders van Gad en die halwe stam van Manasse het gewapend voor die kinders van Israel deurgetrek soos Moses aan hulle gesê het.

<sup>13</sup> Omtrent veertigduisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van die HERE deurgetrek om te veg, na die vlaktes van Jérigo toe.

<sup>14</sup> Dié dag het die HERE Josua groot gemaak voor die oë van die hele Israel, sodat hulle hom gevrees het soos hulle Moses gevrees het al die dae van sy lewe.

<sup>15</sup> En die HERE het met Josua gespreek en gesê:

<sup>16</sup> Gee bevel aan die priesters wat die ark van die Getuienis dra, dat hulle uit die Jordaan uit opklim.

<sup>17</sup> Josua het daarop die priesters bevel gegee en gesê: Klim op uit die Jordaan.

<sup>18</sup> En toe die priesters wat die verbondsark van die HERE gedra het, opklim uit die middel van die Jordaan, het die priesters skaars hulle voetsole gelig en die droë grond bereik, of die water van die Jordaan het na sy plek teruggekeer en soos gister en eergister op al sy walle geloop.

<sup>19</sup> En die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Jordaan uit opgetrek en laer opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike grens van Jérigo.

<sup>20</sup> En daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan geneem het, het Josua by Gilgal opgerig.

<sup>21</sup> En hy het met die kinders van Israel gespreek en gesê: Wanneer julle kinders later hulle vaders vra en sê: Wat beteken hierdie klippe?

<sup>22</sup> dan moet julle dit aan julle kinders bekend maak en sê: Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek,

<sup>23</sup> deurdat die HERE julle God die water van die Jordaan voor julle uit laat opdroog het, totdat julle deurgetrek het, soos die HERE julle God gedoen het met die Skelfsee wat Hy voor ons uit laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het;

<sup>24</sup> dat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die HERE sterk is, sodat julle die HERE julle God altyd mag vrees.

## Broodjies vir die pad

There are three principles in a man's being and life, the principle of thought, the principle of speech, and the principle of action. The origin of all conflict between me and my fellow-men is that I do not say what I mean and I don't do what I say.

*Martin Buber*

In everyone's life, at some time, our inner fire goes out. It is then burst into flame by an encounter with another human being. We should all be thankful for those people who rekindle the inner spirit.

*Albert Schweitzer*

Every moment and every event of every man's life on earth plants something in his soul.

*Thomas Merton*



## As ons ons diepe oortuigings begin verloor

Dirkie Smit

Teen die einde van sy studie oor geloof en wetenskap, De Dingen Hebben Hun Geheim, wat vroeër bykans 20 herdrukke binne 10 jaar beleef het, herinner die Delftse fisikus Arie van den Beukel dat ons leef van méér as net kennis en bewyse. Ons benodig ook geloof, hoop, liefde, sou 'n mens kon sê. Ons benodig oortuigings, waardes, drome – iets wat lewe die moeite wêrd maak. En dié kom nie deur eksperimente, waarneem en analiseer, meet en weeg en tel nie, hóé lewensbelangrik al dié ook al is. Ons leef nie van brood alleen nie, en ook nie vîr brood alleen nie. Ook die hart, soos die dinge, ken eie geheime.

Hy vertel van 'n skoolhoof uit sy laerskooljare, mnr. Bergsma. 'n Geleerde, waardige, gestrenge figuur. Op 'n oggend toe hulle in die klas kom, sit dié voor by sy lessenaar terwyl trane oor sy wange stroom. Verslae staar hulle almal hom aan. Tussen snikke deur begin hy vertel. Sy oudste seun, Folkert, was in die verset teen die Nazi-besetters. Die vorige dag is hy gevang en summier tereggestel. Sy seun het gedoen wat hy moes, snik dié imposante figuur. Hy is trots op sy seun. Toe staan hy op en skryf hy 'n lied op die swartbord. “Jesus, U gaan ons voor//ons volg U moedig na. Lei ons aan u hand// na die vaderland.” Onder aan voeg hy by: “Die lieftingslied van Folkert Bergsma, gefusilleer deur die besetter.” En hy nooi die klas snikkend om saam te sing. Van den Beukel se punt kan skaars duideliker, oor die geheim van mens wees. Oor die oortuigings wat lewe en sterwe die moeite werd maak.

Maar ons moet dit dalk nie te maklik maak vir onself nie. Iewers beskryf die gerespekteerde Kanadese sosiaal-filosoof Charles Taylor hoe hy luister na moeder Teresa, hoe sy stilweg en beskeie getuig van haar oortuigings en oor die geheim van haar lewe van diens, naamlik dat sy die beeld van God in álmal sien. Synde ook Katoliek, dink hy by homself hy kon alles nét so gesê het, dieselfde oortuigings nét so verwoord het. Maar synde 'n fynsinnige denker vra hy homself af, maar kon hy dit bedóél het? Nie noodwendig presies soos wat sý dit bedoel nie, want dit is nie nodig nie. Ons is nie eenders nie. Daar is nie net een manier om oortuigings uit te leef nie. Nie almal moet in Kalkutta se krotbuurte te werk nie. Nie almal moet soos Folkert Bergsma hul lewe in die verset op te offer nie. Maar kon hy dit énigsins bedoel het, wonder hy, op enige manier, met opregtheid, erns, integriteit, wel op sy éie en unieke manier, maar tog ég en éerlik? Sodat sy lewe blyke gee van sy oortuigings?

Lééf ons van wat ons bely en waarvan ons dink dat ons leef? Dit geld van ons persoonlik, maar ook van gemeenskappe, tradisies, instellinge, samelewings. Die oortuigings waarvoor ander vóór ons ge-struggle het, die waardes waarvoor vele hulle lewe sou slyt – lééf ons hulle? Of is die wáre geheim van ons harte eerder dat ons dié iewers verruil het? Dalk vir meet en weeg en tel? Hoe klink óns lieftingsliedere? – want dié sê dalk ook wie óns is.

<http://www.dieburger.com/opinie/2014-02-08-geestelik-waardes-as-ons-ons-diepe-oortuigings-begin-verloorgeestelike-waardes>

## Brood vir die pad

### Die droefheid as 'n geliefde te vroeg sterf

Wilhelm Jordaan

Soos 'n mens ouer word, aanvaar jy die termyn van jou leefbeurt staan einde se kant toe. Jy leef nie angsvallig in afwagting van die dood nie, maar het tog 'n hoër bewustheid van sterflikheid.

Dit is die natuurlike lewensritme dat ouer mense voor jonger mense sterf. Daarom is 'n mens onthuts as kinders en jongmense vroeg doodgaan en jy by hul begrafnis die allerdiepste smart sien van hulle wat agterbly.

Die sanger Neil Diamond betreur die omkering van die orde in sy somber lied “Done too Soon”, waarin hy ook sing van ouer mense wat te kort geleef het. Hy noem-sing 'n lang naamlys:

“Jesus Christ, Fanny Brice / Wolfie Mozart and Humphrey Bogart / Ho Chi Minh, Gunga Din” en so voort tot by Buster Keaton.

En sluit dan: “And each one there / Has one thing shared / They have sweated beneath the same sun / Looked up in wonder at the same moon / And wept when it was all done / For bein' done too soon / For bein' done too soon / For bein' done.”

Te gou verby; skaars geleef; so baie wat hy of sy nog kon gee, doen en beteken, is die soort dinge wat mense dan sê.

Elke mens wat 'n geliefde op 'n jong leeftyd of “te gou” verloor het, weet presies wat die gemis is en die pyngedagtes oor die soveel meer wat nooit sal wees nie.

Dit is soos die digter Elizabeth Jennings sê: “Time does not heal / It makes a half stitched scar / That can be broken and again you feel / Grief as total as in its first hour.”

Daarvoor moet 'n mens begrip en deernis hê – ook vir die oënskynlik vreemde maniere waarop herinneringe aan 'n geliefde in stand gehou word. Soos John Irving dit beskryf in sy roman Last Night in Twisted River.

Die skrywer Danny Angel se jong seun, Joe, sterf in 'n ongeluk. Joe se slaapkamer word nou Danny se skryfkamer. Net Danny mag daar kom. Al Joe se klere bly net so in die kaste en laaie. Ook sy skoene waarvan Joe die veters altyd dubbel geknoop en versuim het om dit los te maak wanneer hy sy skoene uitskop.

Toe Joe nog gelewe het, het Danny altyd agter Joe opgeruim, die skoene opgetel en die veters vir sy seun losgemaak. Nog lank ná sy seun se dood gaan Danny na die skoenkas en knoop die veters los en weer vas – om daarmee lewenslank aan sy seun gebind te bly.

Wat dit sê, is dat smart 'n unieke kragveld is waarbinne die mens wat rou op eie manier vertoef en dat verlange na die geliefde keer op keer, en ná baie jare, sal terugkeer – soms in 'n berekende herinnering en soms pynlik onverwags.

Wanneer geliefdes te gou, te vroeg sterf, is daar nie name vir die droefheid nie. Maar algaande kom die intieme woordeskat en binnespraak wat die geliefde onuitwisbaar in die geheue hou.

<http://www.beeld.com/opinie/2014-02-11-rubriek-die-droefheid-as-n-geliefde-te-vroeg-sterf>

[wynandnel@iafrica.com](mailto:wynandnel@iafrica.com) 082 901 5877